VKB BELEGGINGS (PTY) LTD AND RELATED ENTITIES/
VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK. EN VERWANTE ENTITEITE
HEAD OFFICE/HOOFKANTOOR
31 President CR Swart Street/Straat, REITZ, 9810
PO Box/Posbus 100, REITZ, 9810
Tel: +27 (0)87 358 8111
vkb@vkb.co.za | www.vkb.co.za

GROUP | GROEP

## KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS VAN VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.

Tydens die VKB Groep se Algemene Jaarvergaderings (AJV's) in 2023 en 2024 het die maatskappy se aandeelhouers versoek dat die verkleining van die Direksie van VKB Beleggings (die Groep se direksie) en gevolglike herindeling van verkiesingswyke vir Direkteure, ondersoek word.

Die Direksie het die aangeleentheid deeglik oorweeg met inagneming van, onder meer, die VKB Groep se omvang en behoeftes, vordering met die integrasie van VKB en GWK, en ander tendense. Die Direksie sal tydens die 2025-inligtingsessies vir aandeelhouers en die AJV op 17 September 2025 'n voorstel in hierdie verband aan aandeelhouers voorlê.

Die wyke en wyksdirekteure wat in 2025 roteer en deur die voorstel geraak word, is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| **WYK 2** | **Dirk Viljoen** | **Daniëlsrus, Bethlehem, Fouriesburg en Kestell** |
| **WYK 6** | **Dan Kriek** | **Frankfort en Tweeling** |
| **WYK 15** | **Japie van der Goot** | **Limpopo** |
| **WYK 29** | **Tertius Marais** | **Noord-Kaap** |

Nominasies sal dus nie vir hierdie wyke aangevra word voor die 2025-AJV nie. Indien aandeelhouers die voorstel van die Direksie nie aanvaar nie, sal nominasies na afloop van die AJV volgens die normale proses aangevra word.

Die Direksie se voorstel sal ingesluit word in die kennisgewing van die 2025-AJV wat gedurende Augustus uitgereik sal word.

Die Direkteur wat deur die aandeelhouers van wyk 4 verkies word, tans Izak Bosman, roteer wel in 2025 en word nie deur die voorstel geraak nie. Nominasies vir hierdie wyk sal dus gedurende Junie 2025 aangevra word.

Vir enige navrae, kontak my gerus by die VKB Groep se Sekretariaat deur 058 863 8111 te skakel.

**Rina Erasmus**
**Maatskappysekretaris: VKB Groep**

Registration number/Registrasienommer: 2011/0070000/07
VAT/BTW: 4050105453